

# **Straatname as monumentale nalatenskap van akademici aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (UOVS): Die geval van die padnetwerk in Universitas, Bloemfontein**

Burgert A Senekal  
*Universiteit van die Vrystaat*  
senekalba@ufs.ac.za

## ***Abstract***

### **Street names as monumental heritage of academics of the University of the Orange Free State (UOFS): The case of the road network in Universitas, Bloemfontein**

Street names represent a monument in the everyday world that commemorates the contributions of people in a particular community, and often of a particular era. The present study investigates how street names in the neighbourhood (suburb) Universitas in Bloemfontein serve as monuments to the contributions of academics at the University of the Orange Free State (UOFS), as well as its predecessors, the Grey University College (GUC) and University College of the Orange Free State (UCOFS) – currently the University of the Free State or UFS. The main streets in this neighbourhood are identified using network theory, and it is indicated that it is especially academics belonging to the two oldest faculties at this university, namely Natural Sciences and the Humanities, after which key streets are named. In addition, it is indicated that, to a large extent, the importance of streets also reflects the UFS's past Afrikaans character as the main streets are named after academics who worked for the Department of Afrikaans and Dutch (for example DF Malherbe and H van der Merwe Scholtz), but also other leaders, such as Wynand Mouton's outstanding contributions to the establishment of the UFS as a research university, are commemorated.

**Keywords:** Road networks; Bloemfontein, Grey University College; University of the (Orange) Free State; Universitas; Street names; network theory.

## Inleiding

‘n Verering van die nalatenskap van akademici is op etlike wyses moontlik en word op ‘n wye platform gedoen. Toekennings en pryse (soos die Suid-Afrikaanse Akademie se Stals- en Havengaprys), verwysingstellings (“citation counts”) en die Hirsch-indeks, graderings deur die Nasionale Navorsingstigting (NNS), en natuurlik ‘n verskeidenheid informele aanduidings soos die aansien van kollegas, is bepalers van ‘n wesentlike nalatenskap.

‘n Ander wyse om ondersoek in te stel na die waarde wat aan ‘n akademikus se nalatenskap geheg word, is om plekname te ondersoek. Dorpe, stede, geboue en strate word gereeld na mense vernoem wat gesien word as persone wat ‘n besondere bydrae tot ‘n gemeenskap gelewer het,<sup>1</sup> byvoorbeeld Dan Pienaarlyaan of Generaal Hertzogstraat in Bloemfontein, dorpe soos Senekal en Wepener, en die provinsiale administrasiegebou in Bloemfontein, wat die CR Swart-gebou geheet het maar in 2015 herbenoem is tot die Fidel Castro-gebou. In hierdie herbenoeming is ook ‘n subjektiwiteit te bespeur: die naam wat aan ‘n gebou, plek of straat toegeken word, dui op hoe ‘n persoon op ‘n bepaalde tydstip deur ‘n bepaalde gemeenskap gesien is. Soos Truter aanvoer: “Deur naamgewing word helde en leiers vereer, belangrike geleenthede herdenk en oortuigings, waardesisteme, vrese en aspirasies gereflekteer”.<sup>2</sup>

Dat ‘n straat na ‘n persoon vernoem word, is reeds ‘n aanduiding daarvan dat daardie persoon as belangrik geag is, maar dit is ook bekend dat meer prominente strate na belangriker mense vernoem word. Daar kan gevolglik tot ‘n mate afgelei word hoe belangrik ‘n persoon gesien is op grond van die belangrikheid van die straat wat na hom vernoem is.<sup>3</sup> Dit was byvoorbeeld die geval in die VSA dat daar protes aangeteken is wanneer munisipaliteite onbelangrike strate na Martin Luther King Jr. wou vernoem, omdat dit nie sy statuur gestand doen nie.<sup>4</sup> Boonop wanneer straatnaamveranderinge ter sprake is, word die belangrikste strate eerste geteiken, soos Moll<sup>5</sup> aanvoer rakende die herbenoeming van Voortrekkerstraat na Nelson Mandelaweg in Bloemfontein:

- 1 B Meiring, “South African identity as reflected by its toponymic tapestry”, *Acta Academica*, 44(3), 2012, pp. 24-51.
- 2 E Truter, “Die proses van naamsverandering, met spesiale verwysing na Oliver Tambo Internasionale Lughawe”, *Acta Academica Supplementum*, 1, 2007, pp. 84; J Moll, “Die aard en funksie van straatname soos geïllustreer deur straatnaamtoekenning en -verandering”, *LitNet Akademies Geesteswetenskappe*, 8(3), 2011, pp. 326-344.
- 3 BA Senekal, “Straatnaamgewing en -verandering, padnetwerke en die Afrikaanse literêre kanon: Langenhovenpark in Bloemfontein as literatuurgeskiedenis”, *Nomina Africana*, 2016, 30(3), p. 63.
- 4 DH Alderman en J Inwood, “Street naming and the politics of belonging: Spatial injustices in the toponymic commemoration of Martin Luther King Jr.”, *Social and Cultural Geography*, 14(2), 2013, p. 214.
- 5 J Moll, “Die aard en funksie van straatname soos geïllustreer deur straatnaamtoekenning en -verandering”, *LitNet Akademies Geesteswetenskappe*, 8(3), 2011, pp. 326-344.

In 'n sin het verandering ingetree daar waar die ou simboliek die prominentste was en waar die nuwe verandering die opvallendste sou wees en 'n nuwe held met al die simboliek rondom sy naam prominent onder die aandag sou bring.

Die vraag is hoe die belangrikheid van 'n straat wetenskaplik bepaal kan word. Een manier is om die netwerkteorie in te span om 'n padnetwerk te bestudeer, en dan sentraliteitsaanduiders te benut wat binne die netwerkteorie ontwikkel is om die belangrike strate te identifiseer. Studies van padnetwerke fokus gewoonlik op die struktuur van die netwerk,<sup>6</sup> verkeersvloei,<sup>7</sup> of ekonomiese aktiwiteite en grondgebruik.<sup>8</sup> Sommige van hierdie studies<sup>9</sup> gebruik ook sentraliteitsaanduiders wat binne die netwerkteorie ontwikkel is om die belangrikste paaie te identifiseer – 'n werkswyse wat ook in die onderhawige studie gevolg word.

Anders as in vorige studies wat die netwerkteorie aanwend om padnetwerke mee te bestudeer, is die huidige studie nie gemoed met die padnetwerkstruktuur op sigself of ekonomiese aktiwiteite nie, maar eerder word die netwerkteorie aangewend om belangrike strate te identifiseer ten einde ondersoek in te stel na wat die benoeming van strate aandui oor die bydrae wat sommige akademië tot die totstandkoming van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat<sup>10</sup> (UOVS, tans UV) gelewer het. Die woonbuurt Universitas in Bloemfontein word hiervoor ondersoek, aangesien hierdie woonbuurt – wat boonop aan die UV grens – se strate meesal vernoem is na akademië wat 'n belangrike rol in die totstandkoming van die UOVS gespeel het. Dié woonbuurt is in die 1960's

- 
- 6 S Lammer, B Gehlsena en D Helbing, "Scaling laws in the spatial structure of urban road networks", *Physica A*, 363, 2006, pp. 89-95; B Jiang, "A topological pattern of urban street networks: Universality and peculiarity", *Physica A*, 384, 2007, pp. 647-655; K Kocur-Bera, "Scale-free network theory in studying the structure of the road network in Poland", *Promet – Traffic & Transportation*, 26(3), 2014, pp. 235-242; S Freiria, B Ribeiro, en AO Tavares, "Understanding road network dynamics: Link-based topological patterns", *Journal of Transport Geography*, 46, 2015, pp. 55-66.
  - 7 B Jiang, "Street hierarchies: A minority of streets account for a majority of traffic flow", *International Journal of Geographical Information Science*, 23(8), 2009, pp. 1033-1048; Y Xu, "Previous research analysis of the traffic network study", *Energy Procedia*, 16, 2012, pp. 81-85.
  - 8 D Jenkins, "A network analysis of Inka roads, administrative centers, and storage facilities", *Ethnohistory*, 48(4), 2001, pp. 655-687; F Wang, A Antipova, en S Porta, "Street centrality and land use intensity in Baton Rouge, Louisiana", *Journal of Transport Geography*, 19, 2011, pp. 285-293; S Porta et al., "Street centrality and the location of economic activities in Barcelona", *Urban Studies*, 49(7), 2012, pp. 471-488; Y Rui, en Y Ban, "Exploring the relationship between street centrality and land use in Stockholm", *International Journal of Geographical Information Science*, 28(7), 2014, pp. 425-438.
  - 9 D Jenkins, "A network analysis of Inka roads...", *Ethnohistory*, 48(4), 2001, pp. 655-687; B Jiang, "Street hierarchies: A minority of streets...", *International Journal of Geographical Information Science*, 23(8), 2009, pp. 1033-1048; M Tomko, S Winter, en C Claramunt, "Experiential hierarchies of streets", *Computers, Environment and Urban Systems*, 32, 2008, pp. 41-52; F Wang, A Antipova en S Porta, "Street centrality and land use...", *Journal of Transport Geography*, 19, 2011, pp. 285-293;
  - 10 Die naamsverandering van hierdie universiteit in 2001 het ná die benoeming van die strate in Universitas, wat in die 1960's uitgelê is, plaasgevind, en daarom word oorwegend na die UOVS in die huidige studie verwys.

uitgelê terwyl die munisipaliteit van Bloemfontein onder 'n Nasionale Party-gesinde beheer gestaan het, wat uiteraard beteken dat straatnaamgewing teen 'n Afrikaner-nasionalistiese agtergrond plaasgevind het. Om herhaling te voorkom, word die geskiedenis van die UOVS/UV nie hier in detail bespreek nie – hiervoor kan publikasies van onder andere Steyn,<sup>11</sup> Van der Bank<sup>12</sup> of die amptelike geskiedenis van die UV<sup>13</sup> geraadpleeg word.

## **Die belangrikheid van strate vanuit die oogpunt van die netwerkteorie**

Die netwerkteorie het sedert die laat negentigerjare van die vorige eeu 'n belangrike benaderingswyse binne die wetenskap geword, met toepassings in byna elke dissipline.<sup>14</sup> Netwerke bestaan eenvoudig uit nodusse en hul skakels, met die klem op hoe die netwerk saamgestel is en nodusse met mekaar verband hou eerder as op die individuele eienskappe van nodusse.<sup>15</sup> Presies wat die nodusse en wat hul skakels is, hang uiteraard af van wat ondersoek word, en Newman<sup>16</sup> onderskei tussen vier soorte netwerke: biologiese netwerke (byvoorbeeld neurale netwerke), inligtingsnetwerke (byvoorbeeld verwysingsnetwerke in wetenskaplike velde, wat juis een van die ander tegnieke is waarmee akademiese prestige bepaal kan word), sosiale netwerke (byvoorbeeld mede-outeurskappe), en tegnologiese netwerke (byvoorbeeld vervoernetwerke).

Vervoernetwerke beklee 'n belangrike plek in die netwerk- of grafiekteorie (die terme is uitruilbaar), aangesien die wortels van die grafiekteorie gewoonlik teruggespoor word na Leonard Euler se Königsburg brugprobleem (1736). Euler wou bepaal of 'n mens die sewe brûe oor die rivier Pregel na die eiland Kneiphoff in Königsberg (tans Kaliningrad) op só 'n manier sou kon oorsteek dat elke brug een maal, en niks meer nie, oorgesteek word. Euler het bewys dat dit nie uitgevoer kan word nie, maar in die proses die besef laat posvat

---

11 JC Steyn, "Die taalstryd aan die Grey Universiteitskollege ten tyde van die rektorat van DF Malherbe", *Acta Academica* 25(4), 1993; JC Steyn, "Afrikaans as universiteitstaal: Onlangse ontwikkelinge in historiese en internasionale perspektief", *Literator*, 15(1).

12 DA van der Bank, "Die Grey Universiteitskollege, 1904-1935: Stryd om identiteit en voortbestaan," *Navorisinge van die Nasionale Museum*, 1995, p. 350

13 Universiteit van die Vrystaat, *Van sink tot sandsteen tot graniet. Die Universiteit van die Vrystaat se eerste 100 jaar* (Bloemfontein, Universiteit van die Vrystaat, 2006).

14 MEJ Newman, *Networks* (Oxford, Oxford University Press, 2010), of LdF Costa et al., "Analyzing and modeling real-world phenomena with complex networks: a survey of applications", *Advances in Physics*, 60(3), 2011, pp. 329-412, vir 'n oorsig oor die netwerkteorie en toepassings daarvan).

15 L de Benedictis en L Tajoli, "The world trade network", *The World Economy*, 34(8), 2011, pp. 1418.

16 MEJ Newman, *Networks* (Oxford, Oxford University Press, 2010), pp. 1-726.

dat fisiese afstand soms irrelevant vir 'n probleem is – netwerktopologie is soms eerder belangrik.<sup>17</sup> Euler word vandag wyd gereken as die vader van die grafiek- of netwerkteorie,<sup>18</sup> wat beteken dat dié teorie sy ontstaan te danke het aan die bestudering van 'n vervoernetwerk.

Euler het paaie as skakels en hul kruisings (die brûe) as nodusse aangedui, wat die sogenaamde primêre voorstelling van padnetwerke is, maar die alternatief is om paaie as nodusse aan te dui en hul kruisings as skakels.<sup>19</sup> Porta, Crucitti en Latora<sup>20</sup> skryf dat die tweede benadering, die sogenaamde dualistiese (“dual”) metode, beter resultate oplewer; hierdie benadering: “sustained the by far most relevant, if not the sole, specific contribution of urban design to the study of city networks.” In navolging van padnetwerkstudies soos dié van Porta, Crucitti en Latora, Tomko, Winter en Claramunt,<sup>21</sup> Rui en Ban,<sup>22</sup> Freiria, Ribeiro en Tavares.<sup>23</sup> O'Hare<sup>24</sup> en Senekal<sup>25</sup> word strate in die onderhawige studie as nodusse en hul kruisings as skakels aangedui.

Een van die vernaamste voordele van die dualistiese metode is dat sentraliteitsaanduiders, wat gedurende die twintigste eeu binne die netwerkteorie ontwikkel is, aangewend kan word om die belangrikheid van

---

17 LAN Amaral en JM Ottino, “Complex systems and networks: Challenges and opportunities for chemical and biological engineers”, *Chemical Engineering Science*, 59, 2004, pp. 1657-1658; SJ O'Hare, *The influence of structure in supply and demand on the performance characteristics of road traffic networks. An exploration of how methodological approaches from network science can be implemented for a transportation research problem* (Ph.D, University of Leeds, 2015), p. 11.

18 M Müller-Linow, *Analyse der Verbindung von Topologie und Dynamik in abstrakten Graphen und biologischen Netzwerken* (Ph.D, Technischen Universität Darmstadt, 2008), p. 4; M-T Kuhnert, *Komplexe dynamische Systeme als funktionelle Netzwerke: Möglichkeiten und Grenzen der datengetriebenen Analyse* (Ph.D, Rheinischen Friedrich-Wilhelms-Universität Bonn, 2011), pp. 8.

19 S Porta, P Crucitti en V Latora, “The network analysis of urban streets: a dual approach”, *Physica A*, 369, 2006, p. 854; M Tomko et al., “Experiential hierarchies of streets”, *Computers, Environment and Urban Systems*, 32, 2008, pp. 41-52; SJ O'Hare, *The influence of structure in supply and demand on the performance characteristics of road traffic networks...*, p. 32.

20 S Porta et al., “The network analysis of urban streets...”, *Physica A*, 2006, p. 854.

21 M Tomko, S Winter, en C Claramunt, “Experiential hierarchies of streets”, *Computers, Environment and Urban Systems*, 32, 2008, pp. 41-52.

22 Y Rui en Y Ban, “Exploring the relationship between street centrality and land use in Stockholm”, *International Journal of Geographical Information Science* 28(7), 2014, pp. 1425-1438.

23 S Freiria, B Ribeiro en AO Tavares, “Understanding road network dynamics: Link-based topological patterns”, *Journal of Transport Geography* 46, 2015, pp. 55-66.

24 SJ O'Hare, *The influence of structure in supply and demand on the performance characteristics of road traffic networks...*, pp. 1-159.

25 BA Senekal, “Straatnaamgewing en-verandering, padnetwerke en die Afrikaanse literêre kanon: Langenhovenpark in Bloemfontein as literatuurgeskiedenis”, *Nomina Africana*, 2016, 30(3), pp. 61-80.

individuele strate te bepaal. In navolging van verskeie studies van padnetwerke<sup>26</sup> word Freeman<sup>27</sup> se sentraliteitsaanduiders, naamlik graad-, nabyheid- en tussenliggingsentraliteit (“degree”, “closeness” en “betweenness centrality”), in die huidige studie aangewend om die belangrikheid van strate te bepaal.

Graadsentraliteit meet eenvoudig watter nodusse die grootste aantal skakels het.<sup>28</sup> In ‘n padnetwerk wat met behulp van die dualistiese metode saamgestel is, lig graadsentraliteit strate uit wat ‘n groot aantal kruisings met ander strate het.<sup>29</sup> Aangesien graadsentraliteit slegs die direkte skakels van ‘n nodus in berekening bring, is dit ‘n plaaslike aanduider<sup>30</sup> wat in ‘n beperkte mate belangrikheid ten opsigte van die padnetwerkstruktuur aandui omdat dit nie die hele netwerk in ag neem nie (anders as in die geval van nabyheid- en tussenliggingsentraliteit wat alle skakels en nodusse in die hele netwerk in ag neem). Strate met ‘n hoë aantal kruisings is byvoorbeeld nie noodwendig die belangrikste strate in ‘n padnetwerk nie, maar behoort tot ‘n mate baie sigbaar te wees as gevolg van hul vele kruisings.

Nabyheidsentraliteit meet tot watter mate ‘n nodus enige ander nodus met ‘n kort pad kan bereik, waar ‘n pad gesien word as die kortste aantal stappe wat ‘n nodus moet neem om ‘n ander te bereik.<sup>31</sup> Kyk byvoorbeeld na die voorbeeldnetwerk in Figuur 1.

---

26 D Jenkins, “A network analysis of Inka roads, administrative centers, and storage facilities”, *Ethnohistory*, 48(4), 2001, pp. 655-687; J Jiang en C Claramunt, “A structural approach to the model generalization of an urban street network”, *GeoInformatica*, 8(2), 2004, pp. 157-171; M Tomko *et al.*, “Experiential hierarchies of streets”, *Computers, Environment and Urban Systems*, 32, 2008, pp. 41-52; F Wang *et al.*, “Street centrality and land use...”, *Journal of Transport Geography* 19, 2011, pp. 285-293; S Porta *et al.*, “Street centrality and the location...”, *Urban Studies*, 49(7), 2012, pp. 471-1488; BA Senekal, “Straatnaamgewing en -verandering...”, *Nomina Africana*, 30(3), 2016, pp. 61-80.

27 LC Freeman, “Centrality in social networks conceptual clarification”, *Social networks* 1(3), 1979, pp. 215-239.


28 S Freiria, B Ribeiro, en AO Tavares, “Understanding road network dynamics...”, *Journal of Transport Geography* 46, 2015, p. 59.

29 D Jenkins, “A network analysis of Inka roads, administrative centers, and storage facilities”, *Ethnohistory*, 48(4), 2001, pp. 662.

30 B Jiang, “A topological pattern of urban street networks: Universality and peculiarity”, *Physica A*, 2007, p. 1047; M Tomko, S Winter, en C Claramunt, “Experiential hierarchies of streets”, *Computers, Environment and Urban Systems*, 32, 2008, p. 45.

31 D Jenkins, “A network analysis of Inka roads, administrative centers, and storage facilities”, *Ethnohistory*, 48(4), 2001, pp. 633; B Jiang, “A topological pattern of urban street networks: Universality and peculiarity”, *Physica A*, 2007, p 10487; M Tomko, S Winter, en C Claramunt, “Experiential hierarchies of streets”, *Computers, Environment and Urban Systems*, 32, 2008, p. 44; F Wang *et al.*, “Street centrality and land use...”, *Journal of Transport Geography* 19, 2011, p. 255.

Figuur 1: 'n Voorbeeldnetwerk



Indien hierdie netwerk 'n padnetwerk voorstel en die strate as nodusse aangedui is, terwyl hul kruisings as skakels aangedui is, neem dit 4 stappe om straat F vanaf straat A te bereik. Straat D het die hoogste nabyheidsentraliteit, aangesien hierdie straat gemiddeld elke ander straat binne die kortste pad kan bereik, terwyl strate F, G, A en B die laagste nabyheidsentraliteit het, aangesien dié strate gemiddeld die verste van ander strate geleë is.

Nodusse met 'n hoë nabyheidsentraliteit funksioneer binne die sentrum van 'n netwerk en daarom identifiseer nabyheidsentraliteit ook die strate wat binne die kern van 'n padnetwerk aangetref word.<sup>32</sup> Strate in só 'n posisie kan nie alleen gemiddeld al die ander strate met 'n kort pad bereik nie, maar die teenoorgestelde is natuurlik ook waar, naamlik dat die meeste ander strate hierdie strate met 'n kort pad kan bereik. Dit beteken dat hierdie strate tot 'n mate prominent behoort te wees – strate waarby vele motoriste verby behoort te ry. 'n Posisie binne die sentrum van 'n padnetwerk dui egter nie noodwendig op belangrikheid ten opsigte van netwerkstruktuur nie, veral nie wanneer verkeersvloei ter sprake is nie, soos Tomko, Winter en Claramunt waarsku:

<sup>32</sup> B Jiang, "A topological pattern of urban street networks: Universality and peculiarity", *Physica A*, 2007, p 1048; M Tomko, S Winter, en C Claramunt, "Experiential hierarchies of streets", *Computers, Environment and Urban Systems*, 32, 2008, p. 44.



Side-lanes and alley-ways centrally located at the geographic center of the area of interest will always get high closeness values, as long as they create loops and thus do not lie on the periphery of the graph. This structural property, however, does not necessarily make them prominent.

In die voorbeeldnetwerk in Figuur 1 het straat H byvoorbeeld die derde hoogste nabyheidsentraliteit, maar hierdie is duidelik 'n systraat. Tomko, Winter en Claramunt<sup>33</sup> fokus op verkeersvloei, en dus waarsku hulle dat strate met 'n hoë nabyheidsentraliteit nie noodwendig belangrik is ten opsigte van verkeersvloei nie, maar die feit dat sulke strate binne die kern van die padnetwerk aangetref word, behoort hulle baie opsigtelik te maak, wat belangrik is wanneer straatname ondersoek word. Hierdie nuanse moet egter in gedagte gehou word in die berekenings wat later in die onderhawige artikel volg.

Tussenliggingsentraliteit meet tot watter mate 'n nodus op 'n kort pad tussen ander nodusse val.<sup>34</sup> Dié sentraliteitsaanduiding word gewoonlik gesien as die sentraliteitsaanduiding wat die belangrikste nodusse in 'n netwerk identifiseer, wat ook die geval is met padnetwerke.<sup>35</sup> In padnetwerke lok strate met 'n hoër tussenliggingsentraliteit meer verkeer en besigheid, wat tot gevolg het dat hierdie ook die bekendste strate is.<sup>36</sup> Daar is byvoorbeeld reeds aangedui dat Elias Motsoaledistraat (voorheen Bankovs Boulevard) in Langenhovenpark in Bloemfontein – waar twee van die belangrikste inkopiesentrums geleë is – die hoogste tussenliggingsentraliteit in dié woonbuurt het, terwyl Dirk Oppermanstraat en NP van Wyk Louwstraat – wat die ander belangrike inkopiesentrums verbind – onderskeidelik die tweede- en derde hoogste tussenliggingsentraliteit in hierdie woonbuurt het.<sup>37</sup> In die voorbeeldnetwerk in Figuur 1 het straat D die hoogste tussenliggingsentraliteit aangesien die meeste kort paaie in dié netwerk deur hierdie nodus loop. Die tussenliggingsentraliteit van straat H is egter 0, aangesien geen kort paaie deur hierdie nodus loop

33 M Tomko, S Winter en C Claramunt, "Experiential hierarchies of streets", *Computers, Environment and Urban Systems*, 32, 2008, pp. 41-52.

34 D Jenkins, "A network analysis of Inka roads...", *Ethnohistory*, 48(4), 2001, pp. 663; M Tomko, S Winter, en C Claramunt, "Experiential hierarchies of streets", *Computers, Environment and Urban Systems*, 32, 2008, p. 44; F Wang et al., "Street centrality and land use...", *Journal of Transport Geography* 19, 2011, pp. 288; S Freiria, B Ribeiro, en AO Tavares, "Understanding road network dynamics...", *Journal of Transport Geography* 46, 2015, p. 59.

35 M Tomko, S Winter en C Claramunt, "Experiential hierarchies of streets", *Computers, Environment and Urban Systems*, 32, 2008, p. 51; MP Viana, E Strano, P Bordin, en M Barthelemy, "The simplicity of planar networks", *Scientific Reports*, 2013, p. 5; Y Rui en Y Ban, "Exploring the relationship between street centrality...", *International Journal of Geographical Information Science* 28(7), 2014, pp. 1428.

36 M Tomko, S Winter en C Claramunt, "Experiential hierarchies of streets", *Computers, Environment and Urban Systems*, 32, 2008, pp. 48, 50.

37 BA Senekal, "Straatnaamgewing en -verandering...", *Nomina Africana*, 30(3), 2016, p. 71.



nie. Motoriste wat 'n woonbuurt soos in die voorbeeldnetwerk navigeer, sal dus meer gereeld gebruik maak van straat D, wat beteken dat hulle bekend behoort te wees met sy naam en ook sy naam in aanwysings aan ander persone behoort te gebruik. Hierdie waarskynlikheid dat motoriste strate met 'n hoë tussenliggingsentraliteit meer gereeld sal gebruik en dat dit meer gereeld in aanwysings sal voorkom, maak van strate met 'n hoë tussenliggingsentraliteit belangrike strate wat ook relevant is vir 'n studie van straatname, aangesien dit hier juis gaan oor watter strate die mees prominente strate in 'n padnetwerk is.

Die gebruik van die netwerkteorie om die geskiedenis te belig is self vervleg met studies van vervoernetwerke. Een van die eerste studies in die Geskiedenis binne die netwerkteorie is Pitts<sup>38</sup> se ontleding van watervoernetwerke in Rusland gedurende die Middeleeue. Peregrine<sup>39</sup> het watervoernetwerke in Amerika vanaf 1050 tot 1250 bestudeer, en meer onlangs het Jenkins<sup>40</sup> ook ondersoek ingestel na hoe die netwerkteorie aangewend kan word om vervoernetwerke van die Inka-beskawing te bestudeer. Senekal<sup>41</sup> ondersoek weer hoe die padnetwerk van die woonbuurt Langenhovenpark in Bloemfontein 'n aanduiding is van die belangrikheid van Afrikaanse skrywers. Die huidige studie volg in die voetspore van hierdie studies deur die netwerkteorie in te span om die geskiedenis van die UOVS/UV te belig. Aangesien daar reeds breedvoerig oor die geskiedenis van die UOVS/UV geskryf is, herhaal die huidige studie nie wat voorheen gedoen is deur 'n historiese oorsig te verskaf nie, maar eerder word die padnetwerk in Universitas as wegspringplek gebruik in die bespreking wat volg.

## **Straatname in Universitas en academici**

Daar is dus 'n totaal van 94 strate in hierdie datastel, waarvan 47 na academici vernoem is, 22 na geologiese verskynsels (byvoorbeeld Turkoois, Gips, Kwarts en Jaspis), 3 na politieke figure (Sergeant, Paul Kruger en Jim Fouché), 6 na onderwysers (byvoorbeeld GA Besselsen en S Boersma, wat beide voormalige skoolhoofde van Hoërskool Sentraal is) en 5 na ander konsepte (byvoorbeeld

---

38 FR Pitts, "A graph theoretical approach to historical geography", *The Professional Geographer*, 17, 1965, pp. 5-20.

39 P Peregrine, "A graph-theoretic approach to the evolution of Cahokia", *American Antiquity*, 56(1), 1991, pp. 66-75.

40 D Jenkins, "A network analysis of Inka roads...", *Ethnohistory*, 48(4), 2001, pp. 655-687.

41 BA Senekal, "Straatnaamgewing en -verandering...", *Nomina Africana*, 30(3), 2016.

Figuur 2: Verskaf 'n profiel van naamgewing na ondermeer akademiци in die strate van Universitas



Universiteitsweg en Diensstraat).<sup>42</sup> Onder die sektordiagram is aangedui waar in die woonbuurt hierdie strate voorkom, en hier kan gesien word dat daar nie 'n spesifieke konsentrasie van strate volgens soort voorkom nie – strate met geologiese name is byvoorbeeld net so verspreid soos strate wat na akademië vernoem is.

Regs in Figuur 2 kan ook gesien word aan watter fakulteit mense verbonde was waarna strate vernoem is. Die meerderheid strate is vernoem na akademië wat aan die Fakulteit Natuurwetenskappe en die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte verbonde was, gevolg deur mense wat tot die bestuur van die UOVS behoort het (lede van die universiteitsraad). Die feit dat die meeste strate na akademië vernoem is wat verbonde was aan hierdie twee fakulteite dui juis daarop dat Universitas 'n historiese blik op die ontwikkeling van die UOVS/UV verskaf: hierdie is die oudste twee fakulteite en het dus die beste geleentheid gehad om personeel op te lewer wat 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die UOVS/UV sou speel. Die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte (sedert 1998 saam met Sosiale Wetenskappe bekend as die Fakulteit Geesteswetenskappe) en Natuurwetenskappe het beide formeel in 1918 tot stand gekom, gevolg deur Handel (1938), Regte (1945) en Opvoedkunde (1945) (dié drie fakulteite was aanvanklik deel van Lettere en Wysbegeerte).<sup>43</sup> Op die kaart regs onder kan gesien word dat daar ook nie werklik 'n groepering van strate volgens fakulteit is nie – fakulteite is versprei oor die woonbuurt. Strate wat vernoem is na mense wat verbonde was aan die Fakulteit Sosiale Wetenskappe is egter in die weste van dié woonbuurt gekonsentreer.

Strate wat vernoem is na mense vanuit die Fakulteit Natuurwetenskappe sluit in WL (Wynand) Mouton van Departement Fisika, latere rektor (1976-1988), Voorsitter van die Universiteitsraad (1991-1996) en kanselier (1996-1999). Ook uit Fisika is 'n straat na JS Lyle vernoem, wat die eerste dosent in Fisika in 1904 was (die amptelike stigtingsjaar van die universiteit) sowel as die eerste voorsitter van die senaat in 1906, en WH Logeman, wat dosent in Fisika en waarnemende rektor (1920) was. DF Toerien was departementshoof van die Instituut vir Omgewingswetenskappe in 1977. TF Dreyer was die eerste departementshoof in Dierkunde toe dié departement in 1912 gestig

---

<sup>42</sup> Die oorsprong van straatname in Universitas is nagespeur met behulp van die Universiteit van die Vrystaat, *Van sink tot sandsteen tot graniet. Die Universiteit van die Vrystaat se eerste 100 jaar* (Bloemfontein, Universiteit van die Vrystaat, 2006); K Schoeman, *Bloemfontein. Die ontstaan van 'n stad 1946-1946* (Kaapstad, Human & Rousseau, 1980); Hoërskool Sentraal, “*n Eeu van genade. Hoërskool Sentraal 1905-2005*” (Bloemfontein, Hoërskool Sentraal, 2005); Brief: HJ Lubbe (Lubbe/BA Senekal, Persoonlike korrespondensie), Bloemfontein, 18 Maart, 2016; sowel as besoeke aan verskillende departemente aan die UV.

<sup>43</sup> Universiteit van die Vrystaat, *Van sink tot sandsteen tot graniet...*, p. 33.

is, sowel as waarnemende rektor in 1916 en weer vanaf 1942 tot 1944. W (Boetie) von Bonde was die eerste departementshoof van Geologie in 1918 en dekaan van Natuurwetenskappe in 1945. Vanuit Departement Wiskunde is 'n straat vernoem na WFC Arndt, departementshoof vanaf 1919 tot 1951, onder wie se leiding Wiskunde sedert 1920 in Afrikaans gedoseer is, wat beteken het dat eksamenvraestelle in dié vak vir die eerste keer ook in Afrikaans opgestel is.<sup>44</sup> Arndt was ook 'n ondersteuner van DF Malherbe tydens die taalstryd aan dié onderrigsinansie tydens Malherbe se rektorskap.<sup>45</sup> Ook vanuit Departement Wiskunde is AP (Alwyn) Malan, departementshoof vanaf 1952 tot 1972, asook drie keer dekaan van Natuurwetenskappe tussen 1948 en 1971. N Mudd, na wie Muddplein ('n klein inkopiesentrum) in Universitas ook vernoem is, was verbonde aan die Departement Toegepaste Wiskunde sedert 1917. Verskeie strate is ook vernoem na akademici vanuit Departement Chemie: Max Rindl was departementshoof van Chemie (1909-1942) en waarnemende rektor in 1919, LDC (Louis) Bok was vanaf 1953 tot 1980 verbonde aan die UOVS, onder andere as hoof van Anorganiese en Fisiese Chemie (1953-1980) en dekaan van Natuurwetenskappe in 1957. Chris van der Merwe Brink was hoof van Organiese Chemie vanaf 1959 tot 1967, soos ook David Roux (hoof 1968-1985) en Daneel Ferreira (hoof 1969-1998). Laasgenoemde twee akademici was onderskeidelik die eerste en tweede A-gegradeerde navorsers by hierdie departement.<sup>46</sup> PWG (Flippie) Groenewoud was onder andere hoof van Organiese Chemie (1942-1959) en rektor vanaf 1959 tot 1967.<sup>47</sup> Deryck Nel was hoof van Aardrykskunde en Wallace van Zyl van Stads- en Streekbeplanning.

Die ligging van die strate wat na mense vanuit die Fakulteit Natuurwetenskappe vernoem is, kan in Figuur 3 gesien word, sowel as die departemente waaraan hulle verbonde was.

Strate wat vernoem is na akademici wat tot die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte behoort het, sluit in Benedictus Kok van Departement Afrikaans en Nederlands (departementshoof vanaf 1942 tot 1967), wat ook as dekaan van Fakulteit Lettere en Wysbegeerte opgetree het (1951-1967), rektor van die UOVS (1967-1976) en kanselier van die UOVS (1976-1990). Ander

<sup>44</sup> Universiteit van die Vrystaat, *Van sink tot sandsteen tot graniet...*, p. 36.

<sup>45</sup> JC Steyn, "Die taalstryd aan die Grey Universiteitskollege ten tyde van die rektoraat van DF Malherbe", *Acta Academica* 25(4), 1993, p. 91; DA van der Bank, "Die Grey Universiteitskollege, 1904-1935... D.F. Malherbe as Rektor," *Navorsing van die Nasionale Museum*, 1995, p. 350.

<sup>46</sup> L Loader, "Chemistry is still making magic after a century", *Bult*, 2010, p. 12.

<sup>47</sup> Universiteit van die Vrystaat, *Van sink tot sandsteen tot graniet...*, p. 167.

Figuur 3: Kaart van die Natuurwetenskappe



lede van dié departement na wie strate vernoem is, sluit in H van der Merwe Scholtz (departementshoof van Afrikaans en Nederlands 1931-1941, waarnemende rektor 1944-1946 en rektor 1946-1958), DF Malherbe (departementshoof van Afrikaans en Nederlands 1918-1930, rektor 1929-1934, asook waarnemende rektor vir 3 tydperke tussen 1917 en 1941), WJ (Wessel) Badenhorst (departementshoof van Afrikaans en Nederlands 1967-1972), en Gerhard Beukes (departementshoof van Afrikaans en Nederlands 1973-1978). Strate is ook vernoem na persone wat aan ander departemente binne die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte verbonde was: D Hopwood was dosent in Engels sedert 1929, terwyl JJ Dekker dosent in Duits was. JA Ross was dosent in Klassieke Tale, maar ook die hoof van die Biblioteek vanaf 1924 tot 1927, waarnemende rektor in 1941, dekaan van Fakulteit Lettere en Wysbegeerte vanaf 1945 tot 1950, asook Registrateur vir drie periodes tussen 1911 en 1921. HJ (Herman) Strauss, die skoonseun van DF Malherbe en vader van DFM Strauss, wat later een van die UV se mees produktiewe navorsers sou word,<sup>48</sup> was die eerste departementshoof van Staatsleer (gestig in 1947), asook dekaan van Lettere en Wysbegeerte (1968-1977) en medestigter (saam met EA Venter) van die UV se nuusblad, *Die Bult*.<sup>49</sup> SJH Steven was dekaan van Lettere en Wysbegeerte (1950-1951), departementshoof van Romeinse Reg en Regsgeskiedenis (1963), asook dekaan van Regsgeleerdheid (1961-1962). RG (Ryno) Kriel was departementshoof van Sielkunde (1963-1976). TM Forsyth was professor in Wysbegeerte sedert 1911 en waarnemende rektor (1914-1915). Van Schalkwyk was dosent in Volkekunde.<sup>50</sup> Figuur 4 dui aan waar hierdie persone se strate geleë is, sowel as die departemente waaraan hulle verbonde was.

Soos Figuur 2 hierbo aantoon, is vyf strate ook na lede van die bestuur vernoem. Hulle is JJP (Kosie) Stofberg (lid van die universiteitsraad), AJ Jacobs (voorsitter van die universiteitsraad 1959-1962), JS (Johannes) Stegman (onder andere die kanselier 1990-1996), RB (Wekkie) Saayman, rektor 1934-1939 en registrateur vir drie tydperke tussen 1913 en 1939,<sup>51</sup> en Thos. Blok, voorsitter van die universiteitsraad en 'n skoolhoof van die skool wat later as Hoërskool Sentraal sou bekendstaan.<sup>52</sup>

48 Universiteit van die Vrystaat, *Van sink tot sandsteen tot graniet...*, p. 395.

49 Universiteit van die Vrystaat, *Van sink tot sandsteen tot graniet...*, p. 216.

50 HJ Lubbe, Persoonlike korrespondensie, Bloemfontein, 18 Maart 2016.

51 DA van der Bank, "Die Grey Universiteitskollege, 1904-1935... RB Saayman se omstrede aanstelling as Rektor," *Navorsing van die Nasionale Museum*, 1995, p. 360-363.

52 K Schoeman, *Bloemfontein. Die ontstaan van 'n stad 1946-1946* (Kapaad, Human & Rousseau, 1980), pp. 210; Hoërskool Sentraal, *'n Eeu van genade. Hoërskool Sentraal 1905-2005* (Bloemfontein, Hoërskool Sentraal, 2005), p. 31.



Figuur 4: Kaart van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte





Ander akademici waarna strate in Universitas vernoem is, sluit in FP (Francois) Retief van Departement Interne Geneeskunde, wat vanaf 1970 tot 1978 dekaan van die Fakulteit Geneeskunde was en rektor vanaf 1989 tot 1997. GDB (Pikkie) de Villiers was dekaan van Landbou (1962-1976), waarnemende rektor (1976) en viserektor (1976-1978). 'n Straat is ook vernoem na AV (Appels) Brüssow (direkteur van die Buro vir Studente-ontwikkeling 1981), DL Ehlers (hoof van die biblioteek 1946), L Horwitz (dosent in Regsgeleerdheid 1939), G Eloff (professor in Genetika 1960) en Idalia Loots (hoof van Verpleegkunde), wat die enigste vrou is na wie 'n straat hier vernoem is. 'n Straat is ook vernoem na CD (Dawfre) Roode, departementshoof van Sosiologie (1968), dekaan van Sosiale Wetenskappe (1974), Registrateur (1974-1989), en viserektor (1989-1996).<sup>53</sup> Die strate wat na hierdie akademici vernoem is, kan gesien word in Figuur 5.

Figuur 5: Kaart van ander akademici in Universitas



53 Universiteit van die Vrystaat, *Van sink tot sandsteen tot graniet...*, 2006.

## Straatposisies in die padnetwerk in Universitas

Die strate wat na bogenoemde akademici vernoem is, beklee natuurlik verskillende posisies ten opsigte van die padnetwerk in Universitas. Figuur 6 wys die graad-, tussenligging- en nabyheidsentraliteite van die strate in Universitas (slegs die strate wat na akademici vernoem is, is hier weergegee, met ander woorde nie strate soos Paul Krugerlaan nie). Strate is gekleur volgens die fakulteit waaraan 'n persoon verbonde was, soos in Figuur 2.

Figuur 6: Sentraliteite van strate



Die strate met die meeste kruisings, soos gemeet met behulp van graadsentraliteit, is dus Wallace van Zyl, H van der Merwe Scholtz, DF Malherbe, AJ Jacobs en WFC Arndt. Die belangrikheid van graadsentraliteit in 'n padnetwerk is dat wanneer 'n straat baie kruisings het, dit 'n baie sigbare straat is, wat beteken dat dié name bekend kan wees vir mense wat gereeld deur hierdie woonbuurt ry.

Die strate wat gemiddeld die meeste ander strate met 'n kort pad kan bereik, soos gemeet met behulp van nabyheidsentraliteit, is weereens DF Malherbe, Gerhard Beukes, JA Ross, W (Boetie) von Bonde, HJ Edeling en JS (Johannes) Stegmann. Hierdie meting beteken dat, ten opsigte van netwerkstruktuur, hierdie strate binne die sentrum van Universitas se padnetwerk funksioneer, wat prominensie vanuit 'n ander invalshoek impliseer: strate binne die kern kan ander strate maklik bereik en kan dus ook maklik vanaf ander strate bereik word, wat beteken dat hulle ook opsigtelik in dié woonbuurt behoort te wees.

Tussenliggingsentraliteit identifiseer gewoonlik die belangrikste strate in 'n padnetwerk, en hier is dit DF Malherbe, H van der Merwe Scholtz, Van Schalkwyk, WL (Wynand) Mouton, Gerhard Beukes, AJ Jacobs en CD (Dawfre) Roode wat bo aan dié lys aangetref word. Aangesien tussenliggingsentraliteit juis die strate identifiseer wat op 'n kort pad in die padnetwerk lê, beteken dit dat motoriste en voetgangers gereeld hierdie paaie sal kies om deur die woonbuurt te beweeg – strate met 'n hoë tussenliggingsentraliteit trek juis meer verkeer.<sup>54</sup> Dít beteken kortom dat hierdie die bekendste strate behoort te wees vir padgebruikers wat gereeld deur hierdie woonbuurt beweeg, en dit is opvallend dat DF Malherbe, wat bo aan dié lys aangetref word, ook verby die UV gaan en dat daar twee hekke na die UV vanuit hierdie straat is. Vir die meeste studente, personeellede en besoekers behoort DF Malherbe daarom 'n bekende naam te wees, wat beteken dat die mees prominente monument aan hom toegeken is. Boonop is die hek van die UV waar DF Malan en Wynand Mouton kruis juis 'n plek waar gereelde verkeersopeenhopings plaasvind: onthou dat die feit dat kort paaie deur tussenliggingsentraliteit geïdentifiseer word, juis beteken dat bottelnekke uitgelig word wat meer verkeer dra. Terwyl studente en personeellede by hierdie kruising wag en dalk later hul frustrasies deel, kan hierdie bottelnek beteken dat hierdie name meer gereeld genoem word, wat hul sigbaarheid verhoog.

---

<sup>54</sup> M Tomko, S Winter en C Claramunt, "Experiential hierarchies of streets", *Computers, Environment and Urban Systems*, 32, 2008, p. 50.

Alhoewel die meeste strate na akademië vernoem is wat aan die Fakulteit Natuurwetenskappe verbonde was (soos aangetoon in Figuur 2), domineer die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte die boonste posisies ten opsigte van al drie sentraliteitsaanduiders. Die Fakulteit Natuurwetenskappe oorheers met ander woorde die netwerk kwantitatief, maar ten opsigte van die belangrikheid van strate wat na akademië vernoem is, staan die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte uit. DF Malherbe en H van der Merwe Scholtz, na wie die strate vernoem is wat die hoogste tussenliggingsentraliteitswaardes in hierdie woonbuurt het (van die strate wat na akademië vernoem is), was beide verbonde aan die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte en meer spesifiek Departement Afrikaans en Nederlands, wat daarop dui dat die taalkarakter van die UOVS moontlik 'n oorweging kon wees in die toekenning van straatname onder die Nasionale Party-gesinde munisipaliteit van Bloemfontein in die 1960's. Moll<sup>55</sup> skryf byvoorbeeld: "Daar kleef ook aan hulle [straatname] historiese kontekste en hulle dien as 'n tipe 'geskiedeniskaart' en word 'n amptelike uitbeelding van wat as belangrike historiese erfgoed beskou word".

Die konteks waarbinne hierdie strate benoem is, naamlik die Afrikanernasionalistiese ideologie van die 1960's, kan tot 'n groot mate in Figuur 6 gesien word.<sup>56</sup> Malherbe en Scholtz was beide rektore – soos ook Wynand Mouton – maar die belangrikheid van straatname is nie so eenvoudig soos dat die belangrikste strate noodwendig na rektore vernoem is nie: Flippie Groenewoud se straat word byvoorbeeld heelwat laer op dié lys aangetref. Die belangrikste twee strate is vernoem na twee van die rektore wat ook aktief betrokke was by pogings om Afrikaans as tersiêre onderrigtaal te vestig: DF Malherbe is byvoorbeeld in 1918 as die eerste dosent in Afrikaans by 'n Suid-Afrikaanse universiteit aangestel.<sup>57</sup> Malherbe is welbekend as 'n kampvegter vir Afrikaans en het "midde-in die taalstryd gestaan".<sup>58</sup> Steyn skryf dat hy die hooffiguur in die taalstryd aan die UOVS (toe nog GUK) was en dat die sturing van die GUK in die rigting van Afrikaans die "belangrikste kenmerk van Malherbe se rektorat was".<sup>59</sup> Scholtz "was waarskynlik die eerste wat op 'n amptelike vergadering van 'n liggaam van die kollege die moontlikheid

---

55 J Moll, "Die aard en funksie van straatname soos geïllustreer deur straatnaamtoekenning en -verandering," *LitNet Akademies Geesteswetenskappe*, 8(3), 2011, pp. 333.

56 Die Afrikanernasionalistiese karakter van hierdie woonbuurt kan ook daarin gesien word dat slegs een straat na 'n vrou, Idalia Loots, vernoem is, en boonop nie 'n belangrike straat nie.

57 Universiteit van die Vrystaat, *Van sink tot sandsteen tot graniet...*, p. 33.

58 Universiteit van die Vrystaat, *Van sink tot sandsteen tot graniet...*, p. 89.

59 JC Steyn, "Die taalstryd aan die Grey Universiteitskollege ten tyde van die rektorat van DF Malherbe", *Acta Academica*, 1993, p. 115; DA van der Bank, "Die Grey Universiteitskollege, 1904-1935... DF Malherbe as Rektor," *Navorsing van die Nasionale Museum*, 1995, pp. 349-360.

geopper het dat dit heeltemal Afrikaans moet word”<sup>60</sup> en het tydens sy rektorskap “’n doelbewuste enkeltalige Afrikaanse rigting” gevolg.<sup>61</sup> Beide was dus welbekende kampvegters vir Afrikaans.

Let ook daarop dat strate met ‘n hoë tussenliggingsentraliteitswaarde ook vernoem is na ander akademië wat verbonde was aan Departement Afrikaans en Nederlands, byvoorbeeld Benedictus Kok en Gerhard Beukes. Alhoewel laasgenoemde nie ‘n rektor was nie, is die straat met die vierde hoogste tussenliggingsentraliteitswaarde na hom vernoem. Hierteenoor is die tussenliggingsentraliteitswaarde van die straat wat na die rektor en Registrateur, RB (Wekkie) Saayman, vernoem is, veel laer. Ook in die geval met Saayman is daar ‘n verbintenis met die taalstryd: Saayman was ‘n:<sup>62</sup>

...kampvegter van tweetaligheid met die motief dat Suid-Afrika se toekoms van wedersydse erkentlikheid en samewerking van die twee taalgroepe afhang, en in sy berekendheid en byna matematiese toepassing van die taalbeleid van 50-50 het hy waarskynlik net soveel vyande as vriende gemaak.

Botsings tussen hom en Malherbe tydens sy rektorskap het selfs daartoe gelei dat hy Malherbe geskors het.<sup>63</sup>

Die straat wat na TF Dreyer, die eerste departementshoof in Dierkunde (1912) en waarnemende rektor in 1916 en weer vanaf 1942 tot 1944, vernoem is, se lae tussenliggingsentraliteitswaarde (sy straat het ‘n waarde van 0) is ook noemenswaardig: Dreyer was gekant teen die gebruik van Afrikaans in Dierkunde<sup>64</sup> en ook Malherbe se vernaamste teenstaander in die taalstryd aan dié onderrigsinstitusie.<sup>65</sup> Ten spyte daarvan dat hy ‘n leiersfiguur op die vlak van waarnemende rektor in die totstandkoming van die GUK/UKOVS/UOVS was, het sy straat ‘n aansienlik laer tussenliggingsentraliteitswaarde as dié van byvoorbeeld Beukes, wat slegs ‘n departementshoof was. Een van Dreyer se ondersteuners, WH Logeman van Fisika,<sup>66</sup> se straat het ook ‘n

60 JC Steyn, “Die taalstryd aan die Grey Universiteitskollege ...”, *Acta Academica*, 25(4), 1993, p. 96.

61 Universiteit van die Vrystaat, *Vernuuwing kry momentum: Die verhaal van die UV in 2004. Jaarverslag van die Rektor en Visekanselier* (Bloemfontein, Universiteit van die Vrystaat, 2004), p. 12; DA van der Bank, “Die Grey Universiteitskollege, 1904-1935... Die taalstryd aan die Grey Universiteitskollege,” *Navorsing van die Nasionale Museum*, 1995, p. 364-372.

62 *Die Bul*, 1979, p. 14; DA van der Bank, “Die Grey Universiteitskollege, 1904-1935... RB Saayman se omstrede aanstelling as rektor,” *Navorsing van die Nasionale Museum*, 1995, p. 361.

63 DA van der Bank, “Die Grey Universiteitskollege, 1904-1935... RB Saayman se omstrede aanstelling as Rektor,” *Navorsing van die Nasionale Museum*, 1995, p. 363.

64 JC Steyn, “Afrikaans as universiteitstaal: Onlangse ontwikkelinge in historiese en internasionale perspektief”, *Literator*, 15(1), 1994, p. 45; DA van der Bank, “Die Grey Universiteitskollege, 1904-1935... DF Malherbe as Rektor,” *Navorsing van die Nasionale Museum*, 1995, p. 349-360.

65 JC Steyn, “Die taalstryd aan die Grey Universiteitskollege...”, *Acta Academica*, 25(4), 1993, p. 90.

66 JC Steyn, “Die taalstryd aan die Grey Universiteitskollege...”, *Acta Academica*, 25(4), 1993, p. 90; DA van der Bank, “Die Grey Universiteitskollege, 1904-1935... DF Malherbe as Rektor,” *Navorsing van die Nasionale Museum*, 1995, p. 350.

baie lae tussenliggingsentraliteitswaarde. Die feit dat onbelangrike strate na sulke teenstanders van Afrikaans as onderrigtaal vernoem is, ondersteun die gevolgtrekking dat die taalstryd aan die GUK/UKOVS/UOVS 'n invloed kon uitoefen op straatnaamgewing in Universitas.

Die padnetwerk in Universitas weerspieël dus tot 'n groot mate die UOVS se karakter as Afrikaanse universiteit en beklemtoon die rol wat Afrikaners en Afrikaans in die totstandbrenging van dié universiteit gespeel het. Die instansie het wel as 'n Engelse universiteit (die destydse Grey Universiteitskollege of GUK) in 1904 begin, en vanaf 1918 begin oorgaan na dubbelmediumonderrig, maar sedert 1948 was die universiteit 'n Afrikaanse onderriginstansie, totdat daar in 1993 besluit is om na dubbelmedium terug te keer<sup>67</sup> (vir 'n gedetailleerde bespreking van die taalstryd aan hierdie instansie, kyk Steyn en Van der Bank).<sup>68</sup> Aangesien die onlangse hersiening van die UV se taalbeleid Afrikaans uit die karakter van die UV ontnem het<sup>69</sup> is die straatname van Universitas juis van besondere belang, omdat dit as't ware 'n monument verteenwoordig wat 'n spesiale klem lê op die rol wat Afrikaners in die totstandbrenging van dié universiteit gespeel het, asook die rol wat die GUK/UKOVS/UOVS in die totstandkoming van Afrikaans as onderrig- en wetenskapstaal gespeel het.

Terselfdertyd is dit nie slegs prominente akademici in Afrikaans na wie die belangrikste strate vernoem is nie. Soos die vele studente wat in Langenhovenpark woonagtig is sal kan getuig, is Wynand Mouton ook 'n prominente straat (dié straat verbind Universitas met Langenhovenpark en is een van die belangrikste toegangsroetes tot dié woonbuurt, wat tot 'n groot mate 'n woonbuurt is wat jongmense huisves). Wynand Mouton het as Fisikus – wat ná 1990 ook betrokke was by die aftakeling van Suid-Afrika se kernwapens<sup>70</sup> – 'n groot rol daarin gespeel dat die UOVS as volwaardige universiteit uitgebou is. Onder sy leiding as rektor is daar klem gelê daarop om die UOVS een van die voorste navorsingsuniversiteite in Suid-Afrika te maak.<sup>71</sup> Deur só 'n belangrike straat na hom te vernoem, word sy buitengewone

---

67 Universiteit van die Vrystaat, *Vernuwing kry momentum...*, p. 349.

68 JC Steyn, "Die taalstryd aan die Grey Universiteitskollege...", *Acta Academica*, 25(4), 1993, pp. 87-117; DA van der Bank, "Die Grey Universiteitskollege, 1904-1935... Die taalstryd aan die Grey Universiteitskollege," *Navorsing van die Nasionale Museum*, 1995, p. 364-372.

69 Universiteit van die Vrystaat, "UFS Council approves a new Language Policy", 2016, Aanlyn: <http://www.ufs.ac.za/templates/archive.aspx?news=6694&cat=1#> (Op 16 Maart 2016 geraadpleeg)

70 Universiteit van die Vrystaat, *Van sink tot sandsteen tot graniet...*, p. 259.

71 Universiteit van die Vrystaat, *Van sink tot sandsteen tot graniet...*, p. 258; Universiteit van die Vrystaat, *Vernuwing kry momentum...*, p. 12.



bydrae tot die UOVS op hierdie wyse verreken. Alhoewel Universitas dus die Afrikaanse karakter van die UOVS weerspieël, weerspieël dit ook hoe dié universiteit opgebou is van kollege tot een van die voorste universiteite in Suid-Afrika. Akademici wat hiertoe bygedra het, byvoorbeeld Daneel Ferreira en David Roux, is ook erken deur relatief belangrike strate na hulle te vernoem (beide se strate kom op die top 30 onder tussenliggingsentraliteit voor). Dit is dus nie slegs die bevordering van Afrikaans as onderrig- en wetenskapstaal wat in Universitas weerspieël word nie, maar ook die totstandkoming van 'n uitnemende navorsingsinstansie.

Wat ook opval uit die lys van die akademici van die UOVS na wie die strate met die hoogste tussenliggingsentraliteitswaardes vernoem is, is dat hierdie nie slegs persone was wat as leiers op hul gebied uitgestaan het nie, maar gewoonlik as leiers van die universiteit gefunksioneer het. Daneel Ferreira, wat byvoorbeeld 'n A-gradering van die NNS in 1989 ontvang het,<sup>72</sup> se straat het 'n veel laer tussenliggingsentraliteitswaarde as byvoorbeeld Wynand Mouton, soos ook die straat wat na 'n ander A-gegradeerde navorser vernoem is, David Roux. Dawfre Roode, daarenteen, was departementshoof van Sosiologie, dekaan van Sosiale Wetenskappe, registrateur en viserektor, en die straat wat na hom vernoem is, het die sewende hoogste tussenliggingsentraliteitswaarde. Universitas bied dus 'n blik op die bydraes wat akademici gemaak het in die totstandkoming en uitbouing van die GUK/UKOVS/UOVS, maar lê 'n groter klem op akademici wat as leiers gefunksioneer het as op mense wat oorwegend toonaangewende navorsers in hul spesifieke gebiede was. Universitas se strate is daarom tot 'n mindere mate 'n aanduiding van die intellektuele bydraes van individue en eerder 'n beligting van belangrike rolspelers in die universiteit se geskiedenis. Dit is 'n belangrike onderskeid: in die openingsparagraaf van hierdie artikel is genoem dat akademici se nalatenskap onder andere deur pryse en NNS-graderings aangedui word, maar Universitas is meer direk gekoppel aan die geskiedenis van die universiteit as aan die intellektuele nalatenskap van mense wat aan dié universiteit verbonde was.

## Samevatting

Straatname “bly onontbeerlike rigtingwysers nie slegs vir geografiese oriëntering nie, maar ook op transendentale vlak vir die kultuursimbole

---

72 Universitas van die Vrystaat, *Van sink tot sandsteen tot graniet...*, p. 393.



en historiese verlede en ontwikkeling van 'n gemeenskap.”<sup>73</sup> Straatname is by uitstek 'n veld waar verskillende dissiplines saamkom omdat dit 'n geografiese, politieke, linguistiese, simboliese en geskiedkundige dimensie het. Hierdie studie het ondersoek ingestel na hoe die belangrikheid van strate in Universitas, wat na akademici vernoem is wat verbonde aan die UOVS was, 'n aanduiding gee van hoe belangrik daardie akademici geag is. Daar is aangedui dat die grootste aantal strate na akademici vernoem is wat verbonde was aan die oudste twee fakulteite, naamlik Natuurwetenskappe en Lettere en Wysbegeerte, en 'n paar individue is ook uitgesonder. Straatname funksioneer as monument wat die bydraes van mense tot 'n gemeenskap, of in hierdie geval 'n instansie, gedenk, maar anders as museums en argiewe is straatname in die openbare domein – 'n mens word op 'n alledaagse basis met straatname gekonfronteer.<sup>74</sup> Myns insiens is dit sterk betwyfelbaar of die algemene publiek bewus is van wie die akademici is na wie strate in Universitas vernoem is (soos ook in ander stede met straatname gebeur),<sup>75</sup> maar hier kan gesien word dat die woonbuurt Universitas as 'n wegspringplek vir 'n geskiedenis van die UOVS/UV kan funksioneer. Boonop is dit 'n praktiese geskiedenis wat die algemene publiek op 'n daaglikse basis konfronteer: verkeersopeenhopings by die Wynand Mouton/DF Malherbe hek soggens is juis 'n aanduiding van die belangrike bydrae wat hierdie akademici gelewer het in die opbou van die huidige UV as volwaardige universiteit, aangesien die bottelnekke – die strate met hoë tussenliggingsentraliteitswaardes – na hierdie akademici vernoem is. Daar is egter ook daarop gelet dat die belangrikheid van strate tot 'n groot mate die Afrikaanse karakter van die UOVS weerspieël, en daar moet daarom in gedagte gehou word dat Universitas 'n baie spesifieke blik op die ontwikkeling van die UOVS/UV verskaf.

Die huidige artikel, sowel as Senekal,<sup>76</sup> het verder aangedui hoe die netwerkteorie ingespan kan word om die geskiedenis te belig deur plekname te ondersoek. Die studie van padnetwerke behoort nie slegs die prerogatief van navorsers binne die Geografie te wees nie, maar kan ook vanuit 'n geskiedkundige oogpunt aangewend word. Daar is gevolglik nog vele woonbuurte en stede wat sodanig ontleed kan word, veral waar strate tematies vernoem is soos in die geval van Universitas en Langenhovenpark in Bloemfontein.

---

73 J Moll, “Die aard en funksie van straatname...,” *LitNet Akademies Geesteswetenskappe*, 8(3), 2011, pp. 330.

74 M Azaryahu, “The power of commemorative street names”, *Environment and Planning D: Society and Space*, 14(3), 1996, p. 321.

75 J Moll, “Die aard en funksie van straatname...,” *LitNet Akademies Geesteswetenskappe*, 8(3), 2011, pp. 335.

76 BA Senekal, “Straatnaamgewing en -verandering...”, *Nomina Africana*, 30(3), 2016.